DEEL 114 | WEEK 26 | 1 JULIE 2022 | R5

HEILBRON HERALD

IF IT'S NOT IN THE HERALD, IT IS ONLY A RUMOUR

# HAWELOSE MAN DOODGESLAAN



Die polisie op Heilbron ondersoek 'n saak van moord na die dood van Wesley Le Grange. Die bewering kom nadat Wesley, 'n hawelose asblikgrouer, en sy vriend Saterdag die 18de Junie in die publiek deur twee onbekende mans aangerand is in die parkeerarea van Heilbron Spar.

Wat presies gebeur het is nog onbekend, maar ooggetuies vertel dat Wesley en sy vriend, Daniel Mofokeng, lank met twee ander mans in die parkeerarea gestaan en gesels het waarna een van die mans op 'n stadium weggestap het. Nie lank daarna nie het Wesley vir die man iets geskree wat hom duidelik woedend gemaak het. Dit het veroorsaak dat hy Wesley bestorm en hom te lyf gegaan het. Wesley het probeer terugbaklei, maar het sy balans op die randsteen van die sypaadjie verloor en op die grond neergetuimel. Die man is gesien waar hy Wesley, wat steeds op die grond lê, aanhou skop en op sy kop trap. Daniel het ook deurgeloop en is deur dieselfde onbekende verdagtes plat geslaan.

Een van Spar se werknemers het uitgehardloop en die bakleiery probeer keer, maar dit was te laat. Beide was bewusteloos geslaan en het ernstige beserings opgedoen.

Die owerhede is ontbied en die verdagte is in hegtenis geneem. Wesley en Daniel is hospitaal toe geneem, maar Wesley het later beswyk as gevolg van die erns van sy beserings. Daniel is oorgeplaas na die Pelonomi Hospitaal in Bloemfontein. Volgens die mediese outopsie het Wesley skedelbreuk opgedoen wat moontlik sy dood kon veroorsaak.

Wesley se ouers vertel dat hy nie by hulle gebly het nie en 'n inkomste verdien het deur karre te was. Hy het ook blikke en bottels vanuit asblikke versamel en verkoop.

Die twee verdagtes was op die 29ste Junie in die hof om aansoek vir borg te doen. Borg is toegestaan op R2500 elk.

OK Foods
HEILBRON
NEW TRADING HOURS FROM 1 AUGUST 2022
Monday-Friday: 07:30 - 18:30
Saturday: 07:30 - 17:00
Sunday: 08:00 - 15:00
Holidays: 08:00 - 15:00 | Closed on Christmas day

OK Liquor
HEILBRON
NEW TRADING HOURS FROM 1 AUGUST 2022
Monday-Friday: 08:00 - 18:30
Saturday: 08:00 - 17:00
Sunday: Closed
Holidays: 08:00 - 15:00 | Closed on Christmas day
Owners you can count on!

GATVOL VIR ESKOM?!
Beurtkrag is 'n ondraaglike oorlas!
Kontak vandag nog jou staatmaker- elektrisiën om jou van beurtkrag te verlos. Met die opsie om jou huishouding na sonkrag oor te skakel, of net 'n inverter met batterye wat outomaties aanskop as beurtkrag inskop - Só kan jy jou ligte en elektriese toestelle heeldag, elke dag aan hê.
KONTAK ONS VIR 'N GRATIS KWOTASIE
JARRYD: 083 488 1640

FRANKFORT WEEKLIKSE VEILING
Donderdae - Royal Auction Centre
VIR KRAALBESPREKINGS EN INSKRYWINGS, SKAKEL:
Piet Boshoff: 083 210 7135 of Jan Hendrik Claassen: 074 490 5451



# Uit die pen: WEEK 26 VAN 2022



Ek word aan die kollegas voorgestel en gawe Martie help my om al my vorms in te vul, want Mnr N is nie altyd beskikbaar nie. Martie vertel waarvoor ek kan eis wanneer ek met my eie kar iewers heen moet ry, maar tot op hede het ek nog nooit iets gekry wat ek geëis het nie. Alles kom tot niks, sê die prediker.

Sy wys my hoe om ’n kar te bespreek en verduidelik waar elke skool is wat ek moet gaan besoek. Ek gaan handig fluks my karbespreekvorms in en wag om die sleutels van my kar te kry. Die kantoortjie wemel van mense wat karre soek. Die drie amptenare aan die oorkant van die toonbank lag en gesels met elkeen vir wie hulle ’n kar uitboek.

Ek stel myself aan die amptenare voor en ons begin dadelik gesels. Ek hoor dat dit nie so maklik is om ’n kar te kry om mee te ry nie. Ek moet eers hier by die gang af, die vyfde deur links en vir die antie wat daar werk, gaan vra vir ’n kar omdat sy my nie ken nie.

Ek doen so. Die antie se deur staan oop en daar staan ’n menigte mense by haar. Sy skreeu hier, gooi papier daar in die lug in. Ek staan en wag my beurt af. Hier, besef ek, moet mens nie haastig wees nie.

Ek bekyk die papiere wat teen haar muur opgeplak is. Dit sit daar vir die afgelope 20 jaar, lyk dit my. Die hoeke van die papier krul weldadig om en dit het al begin vergeel. Dit voel asof dit gaan kraak wanneer ek daaraan gaan raak. Dis prentjies met interessante leesstof en Bybelversies. En dan is daar een wat my tot in my voetsole ontstel: ek kan nie die presiese bewoording onthou nie. Dit kom daarop neer dat sy (of die persoon wat dit geskryf het) dankbaar is dat hulle nie witmense is nie, want dit was witmense wat vir Jesus laat kruisig het, en dit was nie iemand anders se skuld nie.

Ek skrik so groot dat ek nie eers agterkom dat die antie my roep nie. Dis uiteindelik my beurt. Sy lyk nie vreeslik bly om my te sien nie, en omdat sy my nie ken nie, stel ek myself voor.

Sy lyk steeds nie vreeslik bly om my te sien nie. Sy lyk gesteurd toe ek verduidelik dat dit my eerste keer is dat ek ’n kar bespreek en die manne in die ander kantoor het my na haar toe gestuur. Sy sug diep. Baie diep. Ek sê vir myself dat hierdie antie my nie sal wil help nie.

Nes ek toe gedink het: nie vandag nie. Daar is nie genoeg karre nie, beslis nie vir my nie. Ek moet maar op ’n ander dag kom.

My kollegas vertel dat alle amptenare aansoek kan doen om ’n gesubsidieerde voertuig. Ons versprei die aansoekvorms onder mekaar en begin invul. Ek kyk na die lys van beskikbare voertuie en maak solank somme. Kollegas by die buurkantoor handig hulle vorms by hulle eie voertuig-antie in, en ek vat my pakkie papiere ewe braaf na ons antie se kantoor.

Ek moet weer in ’n ry staan en die antie praat, skree en lag luidrugtig. Die mense wat kan verstaan wat sy sê, lag hartlik saam. Ek staan net en grinnik want ek verstaan nie, sien net die vergeelde bladsye teen die muur en lees weer oor die mense wie vir Jesus gekruisig het. Ek wil ’n foto daarvan neem, maar sy gil op my, want dit is nou my beurt.

Ewe selfvoldaan gee ek vir haar my vorms.

En waarvoor is hierdie, blaf sy.

Vir die gesubsidieerde kar, praat ek saggies terug.

Hoekom bring jy dit vir my, blaf sy weer.

Want jy is die voertuie-antie, praat ek saggies terug.

En wie het vir jou gesê dat jy kan aansoek doen vir ’n gesubsidieerde kar, blaf sy weer ’n keer.

My kollegas by die ander kantoor, praat ek saggies terug.

Dit lyk asof sy ’n beroerte kry want haar oë knip-knip en sy probeer haar droë lippe natlek, maar dis asof sy nie die punt van haar tong oor haar onderlip kry nie. Haar een hand begin bewe en ek is seker sy begin sweet, want daar is iets blink wat van haar voorkop af streep tot in haar kuiltjie.

Ek. Sal. Sê (skree?). As. Jy. Kan. Aansoek. Doen.

Met hierdie is ek toe nou al lankal uit haar kantoor uit, want ek dink amper dis nie nodig dat iemand hulle humeur op my verloor nie, veral wanneer ek nie weet waarom nie.

Terwyl ek besig is om haar kantoor te verlaat, sien ek hoe sy uit pure frustrasie my papier opfrommel. Dalk het dit in die snippermandjie beland, ek weet nie. Maar dit was my laaste besoek by haar.

Toe ek weer ’n kar moes gaan bespreek, help die drie manne by die eerste kantoor vriendelik.

Ek tik die naam van die skool in my GPS-toestel in. Die GPS laat my hier links draai, daai kant regs, op en af met die heuwels, draai weer ’n paar keer.

Your destination is on the right.

Yeah, dink ek, jy lieg. Aan my regterkant is ’n hoop grond en aan die linkerkant net mooi niks. Daar is nie ’n skool binne 150 meter van waar ek nou is nie.

Daar stap ’n meisie wat water dra by my verby. Ek hang by die kar se venster uit en vra waar die spesifieke skool is.

“Daar bo.” En ek hou maar aan ry totdat ek bo-op die randjie is, en sien die skool se blink dak tussen die bome uitsteek. Verder as 150 meter van my oorspronklike GPS koördinate.

Dit, het ek agtergekom, is altyd die maklike antwoord wanneer jy een van die plaaslike inwoners vra. Dit waarna jy soek, is “daar bo”.

Wat natuurlik normaal is, want as dit “hier onder” was, sou jy dit makliker raakgesien het.

**Ngwathe**

**NGWATHE LOCAL MUNICIPALITY (FS203)**

**ANNUAL BUDGET 2022/23- 2024/25**

he **Municipal Budget for the financial year ending 30 June 2023** is hereby published in ccordance with Chapter 4, Section 22 of the Municipal Finance Management Act No. 56 of 003.

n view of the aforementioned, the following table is a consolidated overview of the final 022/23 Medium- term Revenue and Expenditure Framework:

**able 1 Consolidated Overview of the 2022/23**

| R thousands | Actual Budget 2021/22 | Adjusted Budget 2021/22 | Budget year 2022/23 | Budget year 2023/24 | Budget year 2024/25 |
|---|---|---|---|---|---|
| otal Operating Revenue | 882,440 | 846,535 | 936,721 | 982,158 | 1,033,278 |
| otal Operating Expenditure | 902,413 | 866,508 | 1,012,124 | 1,060,878 | 1,115,541 |
| **urplus/(Deficit** | **- 19,973** | **- 19,973** | **- 75,403** | **- 78,720** | **- 82,263** |
| otal Capital Revenue | 157,404 | 165,137 | 135,229 | 97,143 | 74,963 |
| otal Capital Expenditure | 157,404 | 169,340 | 135,279 | 97,143 | 74,963 |

otal Operating expenditure for the **2022/23** financial year amounts to **R 1,012,1 billion**, the otal Revenue amounting to **R 936,7 billion** and translates into a budgeted deficit of **R 75.4 illion** (this is due to including non-cash items, amounting to **R75.4 million)**. The total apital budget for 2022/23 financial year amount to **R 135 million** funded by provincial and ational **grants**.

**he Council of Ngwathe Local Municipality, on the 31 May 2022, approved the Budget 022/23- 2024/25**

he copy of the final budget is available on the municipal website.
www.ngwathe.fs.gov.za

**nquiries can be directed to:**

**lorence Mokgobu**
cting Municipal Manager
rdaanr@ngwathe.co.za
el: 056 816 2700

**Hopolang Lebusa**
Chief Financial Officer
hopolang@ngwathe.co.za
Tel: 056 816 2700

hemba Mpindo
udget and Expenditure Manager

# GELIEFDE INWONERS TE RUSTE GELÊ



In loving memory of Me Angelique Scheepers, we are saddened to announce her passing on the 22 June 2022. A life so beautifully lived, deserved to be remembered for her love for Jesus Christ and her strong faith. She was also known for her sincere heart and steadfastness. School of Destiny was founded in 1997. The school was officially opened in January 1998. Me Angelique was the first principal of the school and she was still working until the end of the first term of 2022. She was a wonderful principal, no important decision were made without prayer.

In loving memory. Your presence we miss. Your memory we treasure. Loving you always. Forget you never.

*Adele Booysen - Head of School of Destiney*



**† Dirk Aucamp**

'n Liefdevolle man, 'n goeie pa, opregte vriend en 'n toegewyde kollega. So word Dirk Aucamp onthou deur familie en vriende. Sy vrou Judy beskryf Dirk as haar rots, anker en beste vriend, die liefde van haar lewe. 'n Regverdige man, 'n man wat die wêreld nodig gehad het. Hy het hartafdrukke in elkeen se hart gelaat met sy leiding en sy opregte betrokkenheid en het niemand te gering geag nie. Sy deur was altyd oop en het altyd 'n woord van raad en liefde gehad. Hy het mense geleer om elke dag ons optrede te meet aan wat die Here van ons verwag. Hy sal vir altyd gemis word, maar sal altyd in ons harte bly.



**† Valie van Wyk**

Hy het onwetend diep spore in 'n mens se lewe getrap... altyd reg vir 'n lekker gesels, reg om te luister na mens se gekla en sy lag...

Hy was 'n toonbeeld van 'n mens met 'n groot hart. Selfs in die afgelope tyd met sy gesondheid en die geweldige pyn wat hy gehad het, het hy nooit gekla nie - net altyd aangehou en ander mense bemoedig. Vandag het Heilbron 'n groot vriend verloor, maar daar is 'n lag by die traan. Sy sê-goed, sy lag wat so diep uit sy maag kon kom, dit alles sal Heilbroners altyd onthou.

*René Fourie*

# 'N HALFEEU IN DIE TUIG

Phillip van der Merwe, bekende prokureur van Heilbron, het pas die mylpaal van 50 ononderbroke jare as praktiserende prokureur bereik. Hy is op 29 Junie 1972 deur Regter RPB Erasmus in die Hooggeregshof te Bloemfontein as prokureur toegelaat en praktiseer sedertdien en huidiglik steeds aktief as prokureur.


Hy is later op 29 Maart 1973 en 10 Julie 1975 onderskeidelik ook as Aktevervaardiger en Publieke Notaris toegelaat en beklee tans nog steeds beide hierdie ampte.

Phillip het, buiten vir sy bydrae tot die regsprofessie in erkenning waarvan lewenslange lidmaatskap van die Vrystaatse Prokureursorde in Oktober 2018 aan hom toegeken was, ook vroeg in sy loopbaan sy talente in diens van sy gemeenskap aangewend deur homself beskikbaar te stel vir verkiesing en op 1 Maart 1983 verkies te word as lid van die destydse Heilbron Stadsraad.

Hy was verskeie jare voorsitter van die Raad se Bestuurskomitee en het die dorp gedurende die 1988/1989 en 1989/1990 burgerlike jare met onderskeiding gedien as Burgemeester van Heilbron. Die Stadsraad het dan ook aan hom op 20 Junie 1992 die titel van Raadsheer toegeken. Hy was die eerste Raadslid in die geskiedenis van Heilbron aan wie hierdie eer bewys was.

Buiten vir een termyn van vyf jaar waartydens hy 'n blaaskans geneem het, dien hy vanaf 1983 onafgebroke as raadslid van Heilbron en tans steeds as sulks in die Raad van die saamgestelde Ngwathe Plaaslike Munisipaliteit. Hy het Heilbron ook vir twee vyf jaar termyne verteenwoordig as Lid van die Uitvoerende Komitee van die destydse Noord-Vrystaat Streeksdiensteraad, die voorloper van die huidige Fezile Dabe Distriksmunisipaliteit.

Gevra hoe hy dit regkry om so lank so aktief te bly wees antwoord hy: "Dit is alles net genade op genade op genade".



*Raadsheer Phillip en Jehanne van der Merwe.*

# SO ONTHOU ONS NOG ...

In 1954/5 het Hoërskool Volkskool, nou beter bekend as die ou rooi skool, een van die bekendste orkeste in die distrik gehad. Die orkes, volgens tannie Ebeth Muller, was die eerste musiekgroep en Mnr. Dirk Lass op daardie stadium die musiekafrigter. Die orkes het bestaan uit talle musikale kinders en Scotty Marais wat die klavier gespeel het. Ebeth beskryf die kinders in die orkes as kinders wat 'n aanvoeling vir musiek gehad het. Die orkes-span het ook na vele dorpe getoer soos Bethlehem, Frankfort, Petrus Steyn en Vrede om op te tree. Ebeth vertel dat sy tydens haar tyd in die musiekgroep genader was deur die SAUK wat haar raakgesien het en beïndruk was met haar trekklavierspel. Tot vandag geniet die individue nog steeds die spel van hul instrumente in die gemak van hul eie tuistes.



*Agter vl: G van Rensburg, A Kruger, A Labuschagne, E Scheepers, Mnr VE Lass (Orkesleier), G Scheepers, E Smith, D Bucknall, G van Tonder en J Muller. Voor vl: S Marais, F Schreuder, Mnr Smiles Fourie, N Cillers, L Botha, J Bosman, A Underhay. Heel voor: C Strydom en T Robertson.*

# HEILBRON SE EIE NUWE ROOI VUURWA



*As jy 'n nuwe rooi brandweerwa in Heilbron sien, speel jou oë beslis nie speletjies met jou nie. Heilbron het onlangs 'n nuwe toevoeging vir hulle brandweer afdeling ontvang. Dit kom nadat "Sasol mining" drie nuwe brandweerwaens, elk toegerus met 'n vuurvegter, asook een reaksie-voertuig aan Ngwathe geskenk het. Die brandweerwaens word verdeel tussen drie dorpe naamlik Koppies, Vredefort en Heilbron. Die reaksie-voertuig sal in Parys gestasioneer wees. Heilbron se gemeenskap is baie dankbaar aan die maatskappy vir die skenking.*

# SUKSESVOLLE VEILING AANGEBIED

Op Dinsdag 28 Junie het Hilltop SAVM sy jaarlikse produksieveiling in Heilbron aangebied. Die veiling was 'n reuse sukses met 'n 100% verkope.

Die duurste ram is verkoop vir R95 000 aan Koos Engelbrecht (Benjamin Boerdery) van Heilbron. Die gemiddeld van die ramme was R18 063. Die duurste 2 ooie (dragtig) is verkoop onderskeidelik vir R17 000 aan Carlos de Silva en Andries Erasmus.

Die gemiddeld op die stoet ooie:

Tweeling ooie (Dragtig) R9 100.

Enkeling ooie (Dragtig) R8 680.

Ooie met lammers R6 660.

Oop ooie R4 720.

Die tweeling Kommersiële dragtige ooie verkoop vir R5360 gemiddeld.

Enkeling ooi vir R4 650.

Oop ooie vir R3 760.

Ooi Lammers R3 240.

BKB het op hulle Facebook-blad elke koper en verkoper bedank vir die wat gehelp het om die dag moontlik te maak.



*Op die foto vl: Koos Engelbrecht (Koper), JD Steyn (BKB Frankfort), Jan Mostert (Afslaer), Danie de Wet (Skaap en Wol adviseur), Faansie Pretorius (Verkoper). Voor: Kobus Engelbrecht en Jan-Hendrik Claasen (BKB Heilbron).*




# NGWATHE MUNISIPALITEIT SE FINANSIES BENARDER AS BENARD

"Ngwathe munisipaliteit se geldsake is benarder as benard", antwoord VF Plus raadslid Phillip van der Merwe op 'n vraag deur Heilbron Herald. Uit 'n verslag wat op 29 April 2022 voor die raad gedien het blyk dit dat die munisipaliteit se skuldlas 'n enorme R1 638 429 000,00 beloop. Hiervan verteenwoordig die grootste deel skuld aan Eskom wat R1 346 397 000,00 beloop het op 31 Maart 2022. Die balans word verteenwoordig deur skuld vir wateraankope, handelskrediteure en ander diverse kleiner krediteure.

Volgens raadslid Van der Merwe slaag die munisipaliteit veral tans, gesien teen die agtergrond van die normaalweg hoër verbruik in die wintermaande, nie daarin om selfs sy maandrekening by Eskom te delg nie en groei die skuldlas maandeliks. As redes vir die onvermoë word voorgehou swak betalings deur talle verbruikers met konvensionele meters, defekte en uitgebrugde voorafbetaalde meters en blatante kragdiefstal. Staatsdepartemente soos gevangenisse, polisiestasies, howe, hospitale ens. skuld Ngwathe tans meer as R400 000 000,00. Die munisipaliteit is nie by magte om regstappe teen ander staatsdepartemente te doen nie en tree tans teen die staat op in terme van die bepalings van die "Intergovernmental Relations Framework Act No 31 of 2005" wat 'n proses voorskryf wat gevolg moet word waar dispute tussen organe van die staat besleg moet word.

In 'n uitspraak ten gunste van die Vaal River Development Association teen Eskom gelewer op 28 Augustus 2020 deur die Hoë Hof het die Regter as volg bevind : "For so long as the NMD penalties and interest charges which Eskom levies on the municipalities exceed the cost of actual consumption, paying consumers will be saddled with hopelessly insolvent municipalities that have no prospect whatsoever, without outside intervention or assistance, of paying their outstanding debt to Eskom. The result is a catch 22 situation for the applicants and consumers in the municipalities...". Die Hoogste Hof van Appèl het op 21 Januarie 2021 die bevindings van die Hoë Hof bekragtig waarna Eskom die saak na die Grondwethof geneem het. Die saak is in Mei 2022 verhoor, maar uitspraak is voorbehou en nog nie gelewer nie.

Ngwathe het wel 'n geruime tyd gelede reeds versoek dat beide die Provinsiale Regering en Eskom tussenbeide tree om die munisipaliteit van hulp te voorsien om die hopelose situasie te beredder, maar sover sonder sukses. "Intussen groei die munisipaliteit se skuldlas teen 'n enorme tempo omdat die munisipaliteit bloot net nie intern oor die vermoë beskik om die krisis te bestuur nie en geen hulp van buite bekom kan word nie", sê raadslid van der Merwe.

# JA MALHERBE RUGBY- EN NETBALSPANNE PRESTEER



*Bernard van Eeden, 0/13-rugbyspeler van die JA Malherbe Primêre Skool op Petrus Steyn is tydens die 0/13 VKB-rugbyweek as die beste voorspeler aangewys. Hy is ook gekies vir span wat later vanjaar na Ierland gaan toer. By hom is links mnr Reyneke de Wet, VKB se takbestuurder op Reitz en mnr Hennie Pelster, skoolhoof van Hoërskool Frankfort.*



*Die personeel en die 0/13 netbalspan van JA Malherbe Primêre Skool op Petrus Steyn het die netbalseisoen op 'n ligte noot afgesluit deur 'n vriendskaplike wedstryd te speel.*



*Die personeel van die JA Malherbe Primêre Skool met hulle baadjies wat geborg is deur Q4. Hulle is van links agter: Mnr Nico Kruger, busbestuurder en algemene nutsman, me Nadia van der Westhuizen, Melanie Claassen, me Anske Erasmus, Dorette Kriel, Irma Brink, me Magda Odendaal, mnr Bokkie Bosman (skoolhoof), me Hester Benade, Carien Bosman en Jalet Rautenbach. Voor: me Carla Blom, me Nolene Doman, Elizma Els en me Chené du Toit.*



*Bulletjie-rugbyspelers met hulle afrigter, mnre Nico Kruger (links) en Bokkie Bosman.*



*0/11-netbalspan met hulle afrigter, me Chene du Toit.*



*Mini-netbalspanne met hulle afrigters, me Hester Benade, me Anske Erasmus en me Nadia van der Westhuizen.*




*0/11 Rugbyspelers met hulle afrigters, mnre Andries Kruger (links) en De Wet Greyling.*



*0/12 en 0/13 Netbalspanne met hulle afrigter, me Dorette Kriel.*



*0/12 en 0/13 Rugbyspelers met die skoolhoof, mnr Bokkie Bosman (links) en mnr Drian Scheepers (regs).*

WINKELURE

**MAANDAE - DONDERDAE:** 07:30 -17:00
**VRYDAE:** 07:30 - 16:30 | **SATERDAE**: 08:30 - 13:00

**Elsstraat 44 • Heilbron • Tel: 058 852 3033 | E-Pos: heraldwinkel@heilbron.co.za**

# KENNISGEWING

## LOST OR DESTROYED DEED

Notice is hereby given in terms of Regulation 68(1) of the Deeds Registries Act 47 of 1937, of the intention to apply for the issue of a certified copy of Deed of **TRANSFER T13706/1991** passed by
**WILLEM LINDEQUE**
**Identity Number 440305 5017 00 0**
Married out of community of property
in favour of:
**SCHALK HARM MÜLLER**
**Identity Number 620617 5082 08 7**
and
**MARGARETHA MÜLLER**
**Identity Number 640416 0110 08 4**
Married in community of property to each other
In respect of the following property namely:
**REMAINDER OF THE FARM EENZAAM 263, DISTRICT HEILBRON, PROVINCE FREE STATE**
**IN EXTENT: 276,0002 (TWO HUNDRED AND SEVENTY SIX comma ZERO ZERO ZERO TWO) Hectares;**
**HELD BY DEED OF TRANSFER T13706/1991**
which has been lost or destroyed.
All interested persons having objection to the issue of such copy are hereby required to lodge the same in writing with the Registrar of Deeds, Pretoria, within two weeks from the date of the publication of this notice.
**APPLICANT - CILLIERS HATTINGH INC**
**GLOBAL HOUSE EAST**
**298 GLENNWOOD ROAD**
**LYNNWOOD PARK**
**PRETORIA**
**E-MAIL: lauretta@cilhat.co.za**
**CELL NO: 083 258 7939**

FORM JJJ

## LOST OR DESTROYED DEED

Notice is hereby given in terms of regulation 68 of the Deeds Registries Act, 1937, of the intention to apply for the issue of a certified copy of
**DEED OF TRANSFER NUMBER T5260/1991**
passed by **LAMBERT RUDOLPH LATEGAN,**
**Identity Number: 490131 5039 08 6,**
Divorced and **WILLIAM WALTER KINGHORN,**
**Identity Number: 530710 5021 00 4,**
Married in community of property to
**LYNDA LEONORA MARIANA KINGHORN**
in favour of
**GROENPAN LANDGOED CC,**
**Registration Number:**
**1989/012252/23** in respect of certain
**ERF 894 ORANJEVILLE EXTENSION 1**
**DISTRICT HEILBRON, PROVINCE FREE STATE**
which has been lost or destroyed.
All interested persons having objection to the issue of such copy are hereby required to lodge the same in writing with the Registrar of Deeds at Bloemfontein, at the office of the Registrar of Deeds, Room B29, within two weeks from the date of the publication of this notice.
**ON BEHALF OF**
**GROENPAN LANDGOED CC**
**92 STRYDOM STREET**
**ORANJEVILLE EXT 1**
**roberto@lanlink.co.za**
**082 928 6055**

## LOST OR DESTROYED DEED

Notice is hereby given in terms of regulation 68 of the Deeds Registries Act, 1937, of the intention to apply for the issue of a certified copy of **T7588/2011** passed by
**LOUISA JOHANNA ZITZKE,** in favour of
**ALBERT CHRISTOFFEL ZITZKE**
**Identity Number 570706 5113 08 1**
and
**MARIA ALETTA ZITZKE**
**Identity Number 591017 0088 08 7**
Married in community of property to each other
in respect of
**PORTION 3 OF THE FARM BRAKSPRUIT 15, DISTRICT KOPPIES, PROVINCE FREE STATE IN EXTENT 442,1922 (FOUR HUNDRED AND FORTY TWO COMMA ONE NINE TWO TWO) HECTARES**
**HELD BY DEED OF TRANSFER T6482/2008**
which has been lost or destroyed.
All interested persons having objection to the issue of such copy are hereby required to lodge the same in writing with the Registrar of Deeds at Bloemfontein within two weeks from the date of the publication of this notice.
Dated at SASOLBURG this 3rd day of June 2022.
**APPLICANT: DE BEER & CLAASSEN ATTORNEYS**
**ADDRESS: 15 NJ VAN DER MERWE CRESCENT, SASOLBURG, 1947**
**E -mail address: alta@dbcgroup.co.za**
**CONTACT NUMBER: 016 976 0800**
**REF: MAT12655/SBC02**

# SUDOKU

| | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | 4 | | 1 | | 5 | | |
| | 1 | | | 2 | | | 3 | |
| 5 | | | 4 | | 3 | | | 2 |
| | | 2 | | | | 6 | | |
| 7 | 8 | | | 9 | | | 4 | 5 |
| | | 5 | | | | 7 | | |
| 9 | | | 8 | | 1 | | | 6 |
| | 7 | | | 6 | | | 5 | |
| | | 8 | | 4 | | 9 | | |

SUDUKU - Each grid is made up of nine columns by nine rows. This grid is then divided into groups of nine boxes giving a total of nine blocks. Each of these nine blocks must have the numbers 1 to 9 placed in them, but here is the catch - no row and no column can have any number repeated so your job is to place the numbers in the boxes without repetition in the rows and columns.

Indien u enige nuus vir die Heilbron Herald het kontak
*Hendie Lötter*
by Tel: 058 852 3033
heraldnuus@heilbron.co.za




# DIENSTE

### BAAL / SNY & BAAL ...

Vir sny-, hark- en baalwerk.
**Kontak Evert Kleynhans**
**072 018 3685 Heilbron**
R




### HEILBRON • EDENVILLE • FRANKFORT



**Hugo Groenewald**
**082 569 7205**
Kontak hom gerus vir enige Lewendehawe bemarking, Uit-die-hand-transaksies of veiling navrae!

### BAAL / SNY & BAAL

Vir die maak van voer, vanaf sny tot baal of slegs baal. 1.2m bale (tou/net). Velde of wenakkers. Petrus Steyn, Frankfort, Heilbron en Lindley.
**Kontak Jaco Meiring 082 851 6158 of**
**Piet Meiring 082 571 4191**
**peerlandhandel@gmail.com**
R

### BLOEDSKENK DATUMS - 2022

save life
Give blood

**26 Julie 2022**
**27 September 2022**
**29 November 2022**

# SMALLS

# EIENDOMME

### VAN DER MERWE & VENNOTE EIENDOMME

Vir die beste transaksies en diens
Elsstr. 47 HEILBRON
Tel: 058 852 2041
Petro Meintjes 083 308 9159

# GEKLASSIFISEERD


**Die Heilbron Herald word uitgegee en gedruk deur die eienaars Heilbron Herald (Edms) Bpk, Elsstraat 44, Posbus 166, Heilbron**
**Tel: (058) 852 3033/4/5 | Faks: (058) 853 0140**
**www.heilbronherald.co.za**
**E-POS ADRESSE**
• **Abrie Watson** abrie@heilbron.co.za
• **John Watson** john@heilbron.co.za
• **Winkel** heraldwinkel@heilbron.co.za
• **Silma** herald@heilbron.co.za - (Kommersiële drukwerk & koerantbydraes) marketing@heilbron.co.za - (Korporatiewe klere, oorpakke ens.) WhatsApp Nr. 083 495 5512
• **Carien** heraldgraphics1@heilbron.co.za - (Kommersiële drukwerk & koerantbydraes)
• **Delareyz** finance@heilbron.co.za - (Rekenings, state ens.)
• **Christelle** heraldoffice@heilbron.co.za - (Bestellings ens.)
• **Cara** heraldgraphics2@heilbron.co.za - (Wyeformaat drukwerk, plakkers ens.)
• **Elsabé** heraldgraphics2@heilbron.co.za - (Wyeformaat drukwerk, plakkers ens.) WhatsApp Nr. 078 857 2106
• **Hendie** heraldnuus@heilbron.co.za - (Koerantbydraes, advertensies)
**Koerant sirkuleer in Heilbron, Petrus Steyn, Frankfort , Reitz en asook digitaal versprei op Heilbron se Facebook-blad en webwerf.**


***Menings en opinies wat uitgespreek word in briewe en rubrieke, is dié van die individue en weerspieël nie noodwendig die siening van die redaksie nie.***

# TE HUUR

### HEILBRON ROLBAL-KLUBHUIS

Geskik vir ongeveer 70 mense. Ingesluit volledige eetgerei, stoof en 2 oonde, gelisensieerde kroeg beskikbaar.
**Hannalie Claassen**
**079 040 0531**

### WINKELURE

**MAANDAE - DONDERDAE:** 07:30 -17:00
**VRYDAE:** 07:30 - 16:30
**SATERDAE**: 08:30 - 13:00
**Elsstraat 44 • Heilbron • Tel: 058 852 3033**




## POSTNET HEILBRON

## CRIMINAL RECORD CHECKS NOW AVAILABLE AT POSTNET HEILBRON

· STANDARD - 24 TO 48 HOURS – R210.00
· PREMIUM - 5 HOURS – R255.00
· PRIORITY - 2 HOURS – R395.00

Please enquire in store for more information.
All pricing includes VAT. Terms and Conditions Apply.

POSTNET Digital
42 Els Street, (next to Heilbron Herald), Heilbron 9650
Tel: 058 853 0006
Email: heilbron@postnet.co.za • Website: https://heilbron.postnet.co.za




### BIBLIOTEEK OOP

***Piercestraat 66 • Heilbron***

**Heilbron Biblioteek is VYF DAE per week oop vir die publiek en die tye is as volg:**
**Maandae tot Vrydae** - 09:00 - 13:00 (Volwassenes) en 14:00 - 17:00 (Kinders)
***Biblioteek is gesluit op Saterdae, Sondae & openbare vakansiedae.***

# HERALD Sport


HEILBRON

## HEILBRON GHOLFKLUB

Gholfklub

BIED AAN:



BOKKEDAG

Inskrywings-R400.00
Tyd-10:30/11:00
Formaat-IP6
X2 Halfway & Adocate in

2 Julie 2022

Navrae en inskrywings: 062 030 1657



## LAPUA / SA JAGTERS 2021
### RANDSLAG EN SENTERSLAG UITDAAGSKIET

LAPUA SK BERGER VihtaVuori SAJWV SAHGCA

VUURWAPENS:
Randslag: Enige .22LR kalibergeweer
Senterslag: Enige kaliber geweer

RANDSLAG EN SENTERSLAG TEIKENS:
Randslag: 10 skote op 50m
Senterslag: 5 skote op 100m

100M 50M

MEDALJES:
Junior onder 18
Damens
Mans

GEEN BEPERKING OP DIE AANTAL INSKRYWINGS

Die 2021 tot Januarie 2023 finaliste word in Februarie 2023 aangekondig en sal na die finale kompetisie genooi word

DATUM: 16 July
BAAN: Dasklip (SAJWV Wilgerivier)
INSKRYWING FOOI: R50 per teiken
BESPREKING: Gerrie Greeff 076 962 8916
Gerrit 074 494 5197
Danie 082 974 9382

STRICT COVID-19 HEALTH SAFETY PROTOCOLS WILL BE FOLLOWED



Homeopathy AlternaMed DNALYSIS



Dr J Steenkamp - Registered Homeopath



BESOEK ONS VIR AL U SKRYFBEHOEFTE-BENODIGDHEDE

Herald Office National



CAN del's



082 940 3183



# MERK JOU KALENDER
# BOEREDAG
## 25 AUGUSTUS 2022

JCB JOHNNY CLAASSEN BEMARKING BK

IN SAMEWERKING MET

MBFi villa WILGE CHEM



## BKB

The Trusted Home of Agriculture
Die Betroubare Tuiste van Landbou

## Die komende week se BELANGRIKSTE veilings

**MAANDAG - 4 JULIE 2022**

WARDEN Maandelikse veiling
Kontak Jacques vd Merwe 082 325 0036

BULTFONTEIN Twee-weeklikse veiling
Kontak Louwtjie Bezuidenhout
082 827 7443

**DINSDAG - 5 JULIE 2022**

KLERKSDORP Weeklikse veiling
Kontak Diaan Niewenhuis 083 636 2314

VEREENIGING Weeklikse veiling
Kontak Freek Pieterse 079 560 7088

MTONJANENI Maandelikse veiling
Kontak Pieter van Zyl 082 459 0668

FRANKFORT: FORTRESS BULVEILING
45 Bulle
VKB Veilingskrale, Frankfort
Kontak Quintin Antunes 084 504 1562

**WOENSDAG - 6 JULIE 2022**

FOURIESBURG Maandelikse veiling
Kontak Schalk Burger 076 070 1411

DUNDEE: TRI-BULL SALE
74 Bulle & 100 verse
Dundee veilingskrale
Kontak Stoffel Mouton 082 329 0225

**DONDERDAG - 7 JULIE 2022**

FRANKFORT Weeklikse veiling
Kontak Roelof Heenop 082 342 1992

KROONSTAD Weeklikse veiling
Kontak Schalk Jonker 073 007 0022

KAALLAAGTE Maandelikse veiling
Kontak Willem Kruger 082 376 1539

VREDE: OOS-VRYSTAAT VELDRAM KLUBVEILING
60 Ramme
11:00, Vrede veilingskrale
Kontak Jandré Moll 082 307 9169

**VRYDAG - 8 JULIE 2022**

BETHLEHEM Weeklikse veiling
Kontak Michiel Odendaal 082 560 6174

STANDERTON Weeklikse veiling
Kontak Marnus Becker 082 873 2002

POTCHEFSTROOM Weeklikse veiling
Kontak Riaan Herbst 076 154 5049

www.bkb.co.za



# TE HUUR



SKAKEL SIMON
084 531 5350



Pharmacy & Clinic
PLATTELAND

Grand-Pa 38 Stick Pack Powder R59.95 WAS R74.95

Ultimag 10 Effervescent Tablets R79.95 WAS R87.95

FIZZC Plus 10 Effervescent Tablets R29.95 WAS R39.95

063 721 4950 087 527 0723